Meterkas, verdeelbord, aardlekkasie eenheid, skakeltuig en geleiers tussen meterkas en verdeelbord	R320,00
1 Ligpunt	R 30,00
1 Kragpunt	R 30,00
1 Tweerigting skakelaar	R 60,00
Stoofaansluiting	R 70,00
"Split level" stoof met een skakelaar	R100,00
"Split level" stoof met twee skakelaars	R140,00
Geiseraansluiting tot en met 3 kW	R 50,00
Klokkiepunt	R 30,00
Telefoonpunt	R 25,00
T.V. punt	R 25,00
Aarding	R 60,00
Toetsing	R 15,00
Subbord	R 50,00
Ondervloerse verhittingspunt	R 50,00
Arbeid per uur	R 15,00
Vervoer per kilometer	R 0,40
Geisermagneetskakelaar	R 35,00

Pryse moet van tyd tot tyd hersien word, asook pryse vir vloerverwarming.

5. Ledegelde is vasgestel op R10,00 per lid en 'n maandelikse bedrag van R5,00 sal op elke vergadering by die penningmeester inbetaal word.

6. 'n Lys van lede tesame met adresse en telefoonnommers sal aan elke lid voorsien word. Indien 'n lid nie belangstel in 'n tender nie en hy 'n idee het wie se kontrakteur dit is, moet hy so 'n lid skakel vir 'n dekkende prys.

   Indien 'n lid te veel werk het wat hy nie kan behartig nie, moet hy die Sekretaris in kennis stel.

7. Die vergadering het besluit om mnr. Baker van die E.K.V. te nooi as gasspreker vir die vergadering van 4 Desember 1980 en 'n lys van E.K.V. pryse sal onder lede sirkuleer word.

W.L.J. VAN RENSBURG
Waarnemende Voorsitter

J.A. DE BRUYN
Waarnemende Sekretaris en Penningmeester

V A A L
E L E K T R I E S E
K O N T R A K T E U R S
A S S O S I A S I E

Posbus 1125
VANDERBIJLPARK
1900

NOTULE VAN DIE EERSTE KONTRAKTEURSVERGADERING GEHOU OP 6 NOVEMBER 1980

TEENWOORDIG : Borrows (Edms) Beperk
De Vries & Botha
Atlas Elektries
Jeffs Elektries
Willies Elektries
Square Deal
Sparks Elektries
Senekal Elektries
Elektronia (Edms) Beperk
Vereeniging Appliances
Super Sparks
Watts Elektries
Pancho Elektries
Reliant Elektries
Electro Gas
C & N Elektries

VERSKONINGS : Rio Elektries
Pienaar Elektries
H.F.J. Elektries
Patcor
Wink Elektries
Dup Elektries
Nado Elektries

1. Daar is algemeen besluit dat 'n vergadering elke tweede maand gehou sal word en wel in die aand.

   Die volgende vergadering sal gehou word op 4 Desember 1980 om 19h30 te Maxime Hotel, Peacehaven, Vereeniging. Eggenotes en vriendinne is welkom en na 'n kort vergadering sal alle lede teenwoordig gesellig saam verkeer tydens aandete.

2. Die huidige komitee bly tydelik aan en op die volgende vergadering sal 'n permanente komitee verkies word.

3. Die Assosiasie of enige van die vergaderings mag nie na buite bekend gemaak word nie, en daar is besluit dat elkeen teenwoordig 'n belofte moet aflê vir getrouheid, wat dan wel deur almal teenwoordig gedoen is.

   Redes sal verstrek moet word indien dit bekend sou word dat 'n lid uit die vergadering na buite praat.

4. Pryse is vasgestel op 'n minimum per huis wat soos volg is:

2/...